

1987

1

STRUKTURELE WANBALANSE (OF ONDOELMATIGHEDE) IN DIE SUID-
AFRIKAANSE EKONOMIE - 'N BEGINSELSTANDPUNT¹

S. J. Terreblanche

1. TERMINOLOGIESE AANGELEENTHEDE

(a) Rondom die begrip "struktuur"

Voordat 'n mens 'n aanduiding kan gee van "strukturele wanbalanse" wat in 'n land se ekonomie bestaan, moet 'n mens seker 'n goeie begrip hê van die omstandighede waaronder "strukturele balanse" sal bestaan. Ongelukkig het die woorde "struktuur", "struktureel", "balans" en "wanbalans" modewoorde geword wat so dikwels gebruik en misbruik word dat hulle oorspronklike betekenis afgeslyt en selfs verlore geraak het.

Die woord "struktuur" kom van die Latynse werkwoord "struere" wat "bou" beteken. Wanneer mens bou, rig mens 'n gebou, 'n raamwerk of 'n struktuur op wat aan 'n sekere doel moet beantwoord. Indien ons ons in 'n Aristoteliaanse sin van die woord verantwoord oor hoe funksioneel of doelmatig die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie is ten opsigte van die doel waarvoor dit opgerig en/of gebruik word, bedien ons ons essensieël met 'n teleologiese benadering tot die Ekonomie. Hoewel die woord struktuur deesdae ook in 'n kousaal-meganistiese (of Ricardiaanse) benadering tot die Ekonomie gebruik word, verkies ek om dit in 'n teleologiese sin te gebruik. Die vraag wat volgens hierdie benadering operasioneel is, is hoe doelmatig of hoe funksioneel 'n betrokke struktuur is met betrekking tot die

1. Referaat gelewer voor die Konferensie van die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Vereniging in Pretoria op 16 September 1987.

gekoose doelstellings wat met behulp daarvan verwesenlik moet word of verwesenlik behoort te word.

'n Teleologiese benadering vereis 'n doelbewuste verantwoording oor die doelstellings. Die Sosiaal Wetenskaplike wat hierdie benadering kies, het geen ander keuse as om uitdruklik sekere normatiewe standpunte in te neem nie. Ek ag dit nie 'n onoorkomelike probleem nie, want alle sosiaal-wetenskaplikes maak waarde-oordele - indien nie uitdruklik nie, dan stilswyend.

Wanneer 'n mens na die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie in terme van 'n teleologiese benadering verwys, dan kan mens nie bloot na die ekonomiese stelsel - in die engere sin van die woord - verwys nie. Dan moet mens verwys na die omvattende beskawingsraamwerk waarin die ekonomiese aktiwiteit tot ontplooiing kom. Sò gesien, verwys die woord struktuur dan na die politieke, juridiese en ekonomiese stelsels, na die sosiale verhoudings en ook na die algemeen aanvaarde beskawingswaardes of kultuur van 'n betrokke land.²⁾

(b) Romdom die begrip "wanbalanse"

Die woord "balans" is net soos die woord "ewewig" uit die meganika ontleen en die gebruikers daarvan maak meesal die stilswyende veronderstelling dat as die gewenste "ekonomiese strukture" - in die engere of Ricardiaanse sin van die woord - bestaan daar 'n spontane (of meganiese) neiging na

2. Ek is daarvan bewus dat baie ekonome, veral sedert Ricardo, 'n baie enger definisie aan die woord "struktuur" verleen, as die betekenis wat Francois Quesnay en Adam Smith daaraan verleen het. Hoewel Karl Marx en Joseph Schumpeter - en in 'n mindere mate ook Keynes en die Institusionalistes - probeer het om die Ricardiaanse verenging reg te stel, het die hoofstroom van Neo-Klassieke ekonome met die Ricardiaanse benadering volhard - waarskynlik omdat hulle Smith, Marx en Schumpeter te min of nie volledig lees nie!

'n "balans" of 'n "ewewig" sal wees en dat partikuliere en algemene belang dan versoen sal word en die gewenste ekonomiese resultate dan bereik sal word. Oor wat hier die gewenste ekonomiese resultate is, verantwoord ekonome wat met 'n kousaal-meganistiese benadering volg, hulle gewoonlik nie uitdruklik nie. Hulle aanvaar eenvoudig dat 'n ekonomiese wetmatigheid operasioneel is in 'n mededingende markeconomie en dat dit sal verseker dat individue wat hulle partikuliere belange bevorder outomaties ook die algemene belang (= sosiale welvaart) sal bevorder. Hierdie fiksie (wat na aanleiding van 'n foutiewe interpretasie van Adam Smith se Onsigbare Hand leerstelling gepopulariseer geraak het), kan slegs by benadering van toepassing wees indien aan besondere streng (strukturele) voorwaardes voldoen word. Sodanige voorwaardes het beslis nog nooit in Suid-Afrika bestaan nie. Vanweë strukturele veranderinge wat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die afgelope 20 jaar ondervind het, kan hierdie fiksie - soos ek hieronder sal aantoon - waarskynlik sedertdien nog minder op die Suid-Afrikaanse ekonomie van toepassing gemaak word as voorheen.

Dit is hoegenaamd nie geoorloof om modelle op die Suid-Afrikaanse ekonomie te pas asof dit 'n ewewig- of potensiële ewewigsituasie verteenwoordig en asof hier 'n neiging na 'n "ewewig" of "balans" bestaan (of kan bestaan) waar partikuliere en algemene belang versoen word nie. Vanweë die heterogeniteit en die pluralisme van die Suid-Afrikaanse situasie en veral vanweë die statutêre verskansde groeperinge het ons hier essensieël met 'n konfliktsituasie te make waar 'n kousaal-meganistiese benadering en woorde soos "ewewig" en "balans" nie van toepassing kan wees nie.

Die tema van hierdie Konferensie veronderstel blykbaar dat daar tydelike "strukturele wanbalanse" in die Suid-Afrikaanse ekonomie ingetree het wat geïdentifiseer moet word en wat deur toepaslike beleidsmaatreëls uitgeskakel kan

word. Wat my betref, is die strukturele wanbalanse nie tydelik nie, maar van 'n permanente en fundamentele aard. Daarom sal ek die onderwerp van my voordrag graag wil verander na "Die strukturele ondoelmatigheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie".³⁾ Die vraag wat ons moet aanspreek is nie hoe ons die "strukturele wanbalanse" uit die weg kan ruim en "ewewig" kan bereik nie. Dit is eenvoudig nie haalbaar nie. Wat ons wel moet probeer doen, is om die strukturele doelmatigheid van die stelsel so goed as moontlik te verhoog. Dit is noodsaaklik en moontlik.

2. DIE BEVORDERING VAN "SOSIALE WELVAART" AS DIE OMVATTENDE DOEL

Die teleologiese benadering vereis dat ons ons doelbewus sal verantwoord oor die doel van ekonomiese aktiwiteit en veral oor die wyse waarop die partikuliere belange van individue en groepe van individue met die algemene belang (= sosiale welvaart) versoen word. 'n Sodanige doelbewuste verantwoording oor wat die algemene belang (= sosiale

3. Ek is daarvan bewus dat prof Lombard in sy presidensiële rede voor die Konferensie van die Ekonomiese Vereniging in 1985 die teleologiese benadering - wat hy nou aan die Verwoerdiaanse benadering verbind het - baie skerp veroordeel het. In sy veroordeling van hierdie benadering, het hy egter die kind saam met die badwater uitgegooi. Sy kritiek het eerder met Verwoerdianisme as met die teleologiese benadering te make gehad. Die Verwoerdiaanse benadering het misluk nie omdat dit as teleologies geklassifiseer kan word nie, maar omdat dit die algemene belang (= sosiale welvaart) eng en seksionalisties - of hoofsaaklik in terme van die blankes se belange (welvaart) - beskryf het, wat Überhüpt nie geoorloof is nie. Een van die belangrike redes waarom ek so krities ingestel is teen die heersende ortodoksie van die kousaal-meganistiese benadering is omdat dit stilswyend die algemene belang (= sosiale welvaart) steeds definieer in terme van diegene wat ingeskakel is by die hoofstroom (en die meetbare deel) van die Suid-Afrikaanse ekonomie! Net soos die Verwoerdianisme moet hierdie "denkfout" ook bewustelik verwerp word.

welvaart) is of behoort te wees en wat die onderlinge verhouding tussen die partikuliere belange van individue en groepe enersyds en die algemene belang andersyds is of behoort te wees, is waarskynlik een van die mees verwaarloosde onderwerpe in die Suid-Afrikaanse ekonomiese literatuur. Hierdie verwaarlosing moet betreur word.

Aangesien die politieke stelsel wat in Suid-Afrika van toepassing is, geensins geskik is om inhoud en/of definisie aan die "algemene belang" van 35 miljoen mense te verleen nie, rus daar 'n besondere verantwoordelikheid op Ekonomie - en op ander Sosiaal-Wetenskaplikes - om 'n openbare debat oor die definisie en inhoud van wat die algemene belang (= sosiale welvaart) in Suid-Afrika is of behoort te wees, aan die gang te hou.

Ek kan nie by hierdie geleentheid 'n volledige beskrywing gee van wat die algemene belang (= sosiale welvaart) is of behoort te wees en wat die onderlinge verhouding tussen partikuliere en groepsbelange enersyds en die algemene belang andersyds is nie. Ek kan bloot sosiale welvaart in terme van vier tussendoelstellings definieer en wys op die ingewikkelde onderlinge verhouding van komplementariteit en botsing wat tussen hierdie tussendoelstellings bestaan.⁴⁾

4. Indien enigeen van hierdie tussendoelstellings in 'n groter mate verwesenlik word sonder dat dit 'n negatiewe effek op enigeen van die ander drie tussendoelstellings het, bestaan 'n redelike vermoede dat sosiale welvaart bevorder word. Indien 'n bepaalde tussendoelstelling slegs in 'n groter mate verwesenlik kan word ten koste van een of meer ander doelstellings, moet 'n afruiling gemaak word. In hoeverre die sosiale welvaart bevorder of benadeel gaan word, hang van die terme van die afruiling af en van die relatiewe gewig wat aan die betrokke tussendoelstellings verleen word of verleen behoort te word. Enige uitspraak daaroor vereis besliste waarde-oordele. Ekonomie is meesal nie bereid om hierdie oordele uitdruklik te fel nie en doen dit dan maar stilswyend.

Die vier tussendoelstellings in terme waarvan ek sosiale welvaart wens te definieer, is die volgende:

- (a) Ekonomiese groei en die vlak waartoe verskillende vorme van doeltreffendheid bereik word.
- (b) Ekonomiese stabiliteit en die volle benutting van die produksiepotensiaal.
- (c) 'n Billike verdeling van inkome en geleenthede.
- (d) Die peil van sosiale orde, individuele vryheid, personalistiese en algemene beskawingsontwikkeling.

Die vierde tussendoelstelling kan moontlik snaaks val op die ore van Ekonome. Maar u sal seker met my saamstem dat dit tog hoegenaamd nie moontlik is om inhoud en definisie aan "welvaart" te verleen en om uitsprake oor die doelmatige en/of ondoelmatige werking van 'n beskawingstruktuur te maak sonder om die aard van die sosiale orde (insluitende die politieke orde), individuele vryheid en beskawingswaardes in verrekening te bring nie.

3. 'N INVENTARIS VAN DIE OPVALLENDE STRUKTURELE ONDOELMATIGHEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Na aanleiding van bogaande omskrywing van die elemente van sosiale welvaart kan die onderstaande lys of inventaris van opvallende (strukturele) ondoelmatighede (of onderprestasies) van die Suid-Afrikaanse ekonomie gemaak word sonder om nou reeds op die ingewikkelde oorsaaklikhede of op onderlinge verhoudings van botsing en komplementariteit tussen die tussendoelstellings in te gaan.

(a) Ekonomiese groei en doeltreffendheid

Aangesien Suid-Afrika 'n ontwikkelende ekonomie is met 'n groot Derdewêreld-sektor en 'n baie hoë bevolkingsgroei koers (van 2,5 persent per jaar) ondervind, moet 'n hoë ekonomiese

groeikoers en die doeltreffende aanwending en toedeling van produksiefaktore as baie belangrike bestanddele van sosiale welvaart beskou word.

- (i) Die langtermynegroei-tendens in Suid-Afrika was tot in 1974 redelik hoog. In die voorafgaande veertig jaar was die jaarlikse groeikoers van die reële BBP sowat 5 persent of sowat 2,7 persent in per capita terme. In die afgelope 13 jaar was dit slegs 1,8 persent en het die reële per capita-inkome met ongeveer een persent per jaar gedaal! Die reële per capita-inkome is nou op dieselfde vlak wat dit in 1968 was.
- (ii) Vanweë die vinnige groei van die openbare sektor bestaan daar 'n vermoede dat produksiedoeltreffendheid in die openbare sektor - en ook in sommige van die grootskaalse konglomerate wat oor lomp burokrasieë beskik - op 'n onverdedigbare lae vlak is.
- (iii) Voordat 'n hoë peil van statiese ekonomiese doeltreffendheid gehandhaaf kan word, moet die relatiewe faktorpryse die relatiewe skaarsheid van produksiefaktore korrek reflekteer en moet daar van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word. Aangesien die prys van kapitaal oor baie jare relatief te goedkoop en arbeid te duur was - hoofsaaklik as gevolg van foutiewe beleidsmaatreëls wat bewus of onbewus gebaseer was op die aanname dat Suid-Afrika 'n gewone Eerstewêreld-land is - vind 'n opvallende wanbenutting van skaars bronne plaas en is statiese ekonomiese doeltreffendheid op 'n baie lae vlak. As gevolg van die foutiewe faktorpryse het 'n produksiestruktuur ontwikkel wat "skeef" is omdat dit te kapitaalintensief is. Aangesien so 'n "skewe" produksiestruktuur - veral indien die ontoepaslike tegnologie ook in ag geneem word - geneig is om sigself te perpetueer, sal dit baie

jare neem om dit tot so 'n mate reg te stel dat daar 'n meer doeltreffende aanwending van skaars produksiefaktore in Suid-Afrika sal kan plaasvind. Intussen sal ons met 'n groot mate van statiese ekonomiese ondoeltreffendheid moet vir lief neem.

- (iv) Dinamiese ekonomiese doeltreffendheid word tot 'n groot hoogte deur onderwys, opleiding en (toepaslike) tegnologiese vooruitgang bepaal. Laasgenoemde faktor kan slegs operasioneel word indien nuwe kapitaalvorming plaasvind en dit 'n hoë element van kapitaalmodernisering ("capital quickening") bevat. Volgens die Nasionale Produktiwiteitsinstituut was die groeikoers van bronne (veral addisionele arbeiders) en infrastrukturele uitbreidings groter as die ekonomiese groeikoers sedert 1970. Dit beteken dat arbeidsproduktiwiteit in hierdie tydperk gedaal het. Die teleurstellende vlak van dinamiese ekonomiese doeltreffendheid word ook weerspieël deur die skerp styging wat in die marginale kapitaaluitsetverhouding in die afgelope twee dekades ingetree het. Aangesien die tempo van nuwe kapitaalvorming skerp afgeneem het sedert 1982, kon die nodige kapitaalmodernisering ook nie plaasvind nie. Terwyl die reële bruto binnelandse vaste investering in die jare 1965-1980 met 'n groeikoers van gemiddeld 5,2 persent per jaar toegeneem het, het hierdie persentasie vanaf 1982 gemiddeld minus 4,5 persent per jaar beloop!

- (v) Die peil van toedelings- of verbruikersdoeltreffendheid wat ten opsigte van die bevrediging van partikuliere, kollektiewe en toekomstige behoeftes behaal word, is 'n besonder welvaartsrelevante aangeleentheid. Aangesien die verlies aan sosiale welvaart vanweë toedelingsondoeltreffendheid nie maklik gemeet en/of gekwantifiseer kan word nie, geniet dit

bestaan 'n opvallende onvermoë om op die langtermyn te beplan.

(b) Ekonomiese stabiliteit en die volle benutting van die produksiepotensiaal

Die lae ekonomiese groeikoers wat Suid-Afrika sedert 1974 ondervind, manifesteer sigself ook in die vorm van verskeie onstabiliteite:

(i) Sedert 1974 word dubbelsyfer inflasie ondervind en kan die tydperk beskryf word as 'n tydperk van chroniese stagflasie.

(ii) Die tempo van werkverskaffing het sedert 1974 met minder as een persent gemiddeld per jaar gestyg, terwyl die bevolking toeneem teen 'n tempo van minstens 2,5 persent per jaar. Gevolglik het daardie deel van die werksmag wat nie deurlopende werksgeleenthede in die moderne sektor kan kry nie, maar 'n lewensonderhoud in die informele sektor en in die onderhoudslandbousektor moet probeer vind, van sowat 20 persent in 1974 na ongeveer 40 persent in 1987 toegeneem. Die hoë peil van werkloosheid en van onderindiensneming kan nie bloot aan sikliese faktore toegeskryf word nie, maar is hoofsaaklik die resultaat van die jarelange sekulêre stagnasie. 'n Belangrike strukturele oorsaak van die werkverskaffingsprobleem is die skerp toename in die kapitaalarbeidsverhouding. As gevolg hiervan is sowat 70 persent meer besparings nodig om dieselfde getal mense van werksgeleenthede te voorsien as in 1970.⁶⁾

6. Prof J.L. Sadie het op grond van die hoë kapitaalarbeidsverhouding bereken dat indien 'n 3 persent groeikoers van 1984 tot 2000 gehandhaaf kan word, daar oor hierdie 16 jaar slegs genoeg addisionele werksgeleenthede geskep sal word om die gemiddelde aantal arbeiders wat in een van hierdie 16 jaar tot die

(iii) Een van die belangrikste redes vir die gebrek aan groei en die onderbenutting van ons produksiepotensiaal is die internasionale sanksies, die disinvestering en die onttrekking van korttermyn-kredietfasiliteite. Dit het veroorsaak dat Suid-Afrika tans 'n uitvoerder van kapitaal en ander hulpbronne geword het, terwyl Suid-Afrika as ontwikkelende land (met 'n baie hoë bevolkingsgroei) eerder 'n groot invloei van buitelandse hulpbronne moes ervaar het. Vanaf 1964 tot 1974 het Suid-Afrika 'n kapitaalinvloei van sowat R400 miljoen per jaar gehad en was die groei van die BBP meer as 5 persent per jaar. Sedertdien word 'n kapitaaluitvloei van minstens R100 miljoen per jaar ondervind en is die groei van die BBP minder as 2 persent per jaar. Sedert Augustus 1985 het meer as R15 biljoen die land uitgevloei en dit verteenwoordig meer as 6 persent van BBP oor die twee jaar. Boonop het die afname in persoonlike besparings as persentasie van die BBP in die tagtigerjare die interne fondse vir kapitaalkvorming in verhouding skerp laat krimp. Hoewel die vlak van besparing in die sake-sektor redelik hoog is, veroorsaak die gebrek aan vertroue dat dit nie vir reële kapitaalkvorming gebruik word nie, maar vir die koop van bestaande bates.

(iv) Die swakheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan internasionale vertroue, word ook weerspieël in die verswakking van die Rand teenoor ander geldeenhede. Die indeks waarde van die Rand teenoor 10 ander geldeenhede het van 100 in 1970 na 84 in September 1983. Sedertdien het dit na minder as 50 gedaal. Danksy die groot surplus op die lopende

arbeidsmag gaan toetree, van werksgeleenthede te voorsien!

rekening van die betalingsbalans, kan 'n groot deel van die korttermyn buitelandse skuld terugbetaal word.

(c) 'n Billike verdeling van inkome en geleenthede

Vanuit 'n sosialewelvaart-oogpunt geoordeel, is die besonder ongelyke verdeling van inkome en geleenthede tussen die verskillende etniese, ras en/of kleurgroepe een van die mees ondoelmatige aspek van die Suid-Afrikaanse ekonomie - veral omdat die "skewe" patroon so nou korreleer met die etniese groepering en die owerheid se "skewe" "welvaartsbesteding" (soos ons hieronder sal aantoon) hierdie "ongelykheid" voortplant en self vererger.

(i) McGrath bereken die Gini-koëffisiënt van die nasionale verdeling van inkome op 0,68 wat as een van die hoogste - indien nie dié hoogste nie - in die wêreld beskou moet word. Ander lande met groot ongelykhede in die verdeling van inkome en 'n hoë Gini-koëffisiënt is Brasilië (0,61), Mexiko (0,61) en Turkye (0,57).

(ii) Die indeks van per capita-inkome van die verskillende bevolkingsgroepe was in 1980 na beraming soos volg: Blankes = 100, Asiërs = 30, Kleurlinge = 21 en Swartes = 10,3. Vanweë die skerp toename in werkloosheid en onderindiensneming is daar rede om te vermoed dat daardie anderskleuriges (maar hoofsaaklik Swartes) wat behoort aan huishoudings waarvan die broodwinners nie werksgeleenthede in die moderne sektor kan bekom nie, aansienlik armer geword het vanweë die sekulêre stagnasie van die afgelope 13 jaar.⁷⁾

7. 'n Relatief groot deel van die "onsigbare" (en dikwels ook onmeetbare) armoede is waarskynlik op hierdie huishoudings "afgewentel". Aangesien Swart woonbuurtes en plakkerskampe vanweë die Groepsgebiedewet nie in sig van die blanke meningsvormers geleë is nie, bestaan

(iii) Die formele afskaffing van instromingsbeheer en ander diskriminerende maatreëls en die toename in die bedrag wat op Swart onderwys, behuising en werkskepping bestee word sedert 1976, het die geleenthede en toeganklikhede vir 'n deel van die Swart bevolking verbeter. Vanweë die "skewe" patroon van die owerheid se "welvaartsbestedings", die omgewing-gestremdheid van 'n groot persentasie van die anderskleurige bevolking en die burokratiese en administratiewe belemmernisse waarmee hulle steeds te make het vanweë die Apartheidstelsel, is die geleenthede en toeganklikhede vir anderskleuriges steeds veel kleiner as vir blankes en dit veroorsaak 'n groot verlies aan potensiële sosiale welvaart.

(d) Gebrek aan 'n doelmatige beskawingsraamwerk

Beskawingsontwikkeling het deels die karakter van 'n tussendoelstelling en deels die karakter van 'n voorwaarde (of struktuur) om ekonomiese en ander aktiwiteite tot doelmatige ontplooiing te laat kom. As een van die tussendoelstellings wat ter wille van die bevordering van sosiale welvaart verwesenlik moet word, is die beskawingsdoelstelling gemoeid met die waardes wat welvaart definieer, met individuele vryheid en personalistiese ontwikkeling, met stabiele sosiale verhoudings en goeie morele gedrag en met die legitimiteit van die stelsel as sodanig. As synde 'n voorwaarde vir die verwesenliking van ander doelstellings, vorm al hierdie waardes en norme deel van die omvattende struktuur wat meer of minder doelmatig

daar nie 'n voldoende bewussyn by blankes van die skerp toename in Swartarmoede oor die afgelope 10 jaar nie. Van der Berg bereken dat 57 persent van die bevolking nie deurlopend aan Basiese Menslike Behoeftes (BMB) kan voldoen nie en dat sowat 70 persent van die Swartes in hierdie kategorie val.

vir die bevordering van die welvaart van die gemeenskap as geheel kan wees.

Enige studie van die beskawingsraamwerk of struktuur en die doelmatigheid daarvan, is vanweë die omvang, die veeldimensionaliteit en die abstrakte karakter daarvan 'n moeilike aangeleentheid. In Suid-Afrika is dit soveel te meer 'n moeilike aangeleentheid omdat ons in Suid-Afrika nie met 'n enkele samehangende beskawing - met sterk middelpuntsoekende kragte en waardes - te make het nie, maar met meervoudige beskawings en waarde-oriëntasies wat deur die Apartheidstelsel in stand gehou en voortgeplant word en waar die ontstaan van 'n eenheids- of nasionale beskawing met gemeenskaplike waardes, doelbewus teengewerk word deur nie alleen die politieke stelsel en die magdom van statutêre maatreëls nie, maar veral ook deur die magtige meningsvormende organe waaroor veral die blankes beskik. Om die probleem enigsins te vereenvoudig, kan ons abstraher van die groot verskeidenheid van beskawings, kulturele en etniese groeperinge en die verskeidenheid na net twee "beskawings" reduceer wat ons dan as die Eerste- en Derdewêreld-komponente van die dubbele beskawingsraamwerk van Suid-Afrika kan bestempel.⁸⁾

8. Die indeling van die Suid-Afrikaanse bevolking in 'n Eerste- en Derdewêreld-komponent word soms misbruik as 'n regverdiging vir Apartheid. Dit is nie geoorloof nie, omdat Apartheid 'n belangrike rol in die "handhawing" van hierdie twee "wêrelde" speel. Hierdie "twee wêrelde" het ook nie dieselfde betekenis vanuit 'n politieke en 'n ekonomiese oogpunt nie. Uit 'n politieke oogpunt gesien, vorm net die blankes (en in 'n mindere mate die Kleurlinge en Asiërs) deel van die "Eerstewêreld" omdat slegs hulle parlementêre verteenwoordiging het. Uit 'n ekonomiese oogpunt is almal wat volledig ingeskakel is by die moderne sektor, deel van die "Eerstewêreld-ekonomie", maar vanweë strukturele hindernisse (wat met Apartheid te make het) is sommige se deelname "marginaal" en "afhanklik". Diegene wat behoort aan huishoudings waarvan die broodwinners nie deurlopende werkgeleenthede in die moderne sektor kan kry nie (die sg. "outsiders"), bevind hulle volledig in die Derdewêreldsektor. Tussen

Hierdie dubbele beskawingsraamwerk van Suid-Afrika word deur die Apartheidstelsel - in die veelheid van dimensies daarvan - as't ware "geënkapsuleer" en sò gehandhaaf en voortgeplant. Diegene wat hulle in die een deel van hierdie dubbele beskawingsraamwerk bevind - nl. die blankes en sommige Kleurlinge en Asiërs - beskik oor tipies Westerse regte, vryhede, voorregte, rykdom en mag. Diegene wat hulle in die ander deel van hierdie dubbele beskawingsraamwerk bevind - nl. die Swartes en ook sommige Kleurlinge en Asiërs - beskik geensins oor dieselfde regte, vryhede, voorregte, rykdom en mag nie. Intendeel. Hulle beskik oor weinig regte en leef in groot armoede.

Die dubbele beskawingstruktuur bring ook mee dat daar 'n opvallende gebrek aan die nodige dwars snydende belangegroeperinge bestaan. Dit is baie nadelig vir die onderlinge samehang en stabiliteit van die stelsel. Vanweë die dubbele "beskawings" bestaan daar ook nie 'n algemene konsensus oor die reëls van die spel nie en ontbreek dit aan gemeenskaplike waardes en lojaliteite wat onontbeerlik is vir die legitimering van die stelsel en vir die teenwerking van middelpuntvlietende kragte.

'n Belangrike manier waarop die Apartheidstelsel en die dubbele beskawingsraamwerk in stand gehou word, is om in die geledere van die blankes 'n kollektiewe bewussyn te "propageer" as sou Suid-Afrika 'n Eerstewêreld-land wees. Op grond van hierdie bewussyn maak die blankes op 'n sekere minimum van "groepsregte" aanspraak. Hierdie aanspraak van die blankes is daarop bereken om aan hulle 'n "lewensruimte" te bied wat ooreenkom met dié van 'n tipiese Eerstewêreld-land. Aangesien Suid-Afrika nie oor die (ekonomiese) middele beskik om aan hierdie "kollektiewe bewussyn" reg te laat

hulle en die tipiese Eerstewêreld-mense, is 'n groot groep wat hulle in 'n soort "grys" wêreld bevind.

geskied en om aan die blankes 'n "Westerse lewensruimte" te bied nie, sal die "valsheid" van hierdie "kollektiewe bewussyn" ontmasker moet word. Dit wat die blankes as ononderhandelbare "groepsregte" opeis, sal erken moet word vir wat dit in laaste instansie is, nl. "groepsvoorregte" wat die blankes nie volledig "verdien" nie en waarop hulle ook nie volledig kan (of behoort) aanspraak (te) maak nie.

Die Apartheidstelsel wat aanvanklik daarop bereken was om die ekonomies, politieke, kulturele en identiteitsbelange van die blankes te beskerm en te "stabiliseer", het - hoofsaaklik vanweë die verwronge kollektiewe bewussyn waarmee gepoog word om dit te vergoeilik - een van die belangrikste redes vir die strukturele ondoelmatigheid van die stelsel geword. Die pogings om die Apartheidstelsel te handhaaf (al is dit in 'n enigsins aangepaste vorm) het tot gevolg dat die binnelandse vertroue, stabiliteit en die legitimiteit van die stelsel ondermyn word. Dit gee ook aanleiding tot 'n groeiende internasionale isolasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat die suksesvolle funksionering daarvan oor die langtermyn ernstig gaan ondermyn en ongekende armoede en ellende in veral die Swartgemeenskap tot gevolg gaan hê.

4. ENKELE VOORBEELDE VAN STRUKTURELE DIAGNOSES

(a) Waarom is Smith, Ricardo en Marx relevant?

Dit is klaarblyklik nie voldoende om net 'n inventaris van al die ondoelmatigheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie te maak nie. Uit 'n strukturele oogpunt is dit belangrik om die onderliggende oorsake en/of dinamiek daarvan te probeer blootlê. Dit is veral belangrik om te probeer bepaal of die werking van die onderliggende dinamika in só 'n "rigting" beweeg dat dit die "wanverhoudings" sal regstel sodat daar na 'n langtermyn "ewewig" geneig word en of dit so 'n

"disekwilibrium" karakter het dat die wanbalanse eenvoudig kumulatief gaan vererger en Suid-Afrika dus in 'n drukgang van groeiende konflik en erger stagnasie gedwing sal word. Voordat ek 'n uitspraak oor die moontlike aard van die onderliggende dinamika maak, wil ek kortliks verwys na die indringende analyses (of diagnoses) wat drie toonaangewende klassieke Ekonomie - nl. Adam Smith, David Ricardo en Karl Marx - gemaak het van nie alleen die strukturele probleme van hulle eie-tydse ekonomieë (in respektiewelik 1776, 1817 en 1867) nie, maar ook van die "rigting" van die dinamika onderliggend aan die strukture van hulle tyd.

My keuse van hierdie drie is nie toevallig nie. Dit berus op verskeie oorwegings:

(i) Hoewel daar belangrike verskille in hulle benaderings bestaan, is daar 'n gemeenskaplike element waarneembaar in die diagnose wat elkeen van sy eie-tydse strukturele probleme gemaak het, nl. 'n oordrewe magskonsentrasie in die hande van 'n klein bevoorregte groep. In hierdie gemeenskaplike element kan ons moontlik 'n sleutel vind wat ons in staat kan stel om die dinamika onderliggend aan die strukturele ondoelmatigheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie bloot te lê.

(ii) Al drie hierdie skrywers het ontledings gemaak wat struktureel van aard is en wat in laaste instansie met ekonomiese en politieke magsverhoudings te make het. Daar bestaan 'n populêre persepsie dat alle strukturele analyses Marxisties van aard is en daarom liever vermy moet word.⁹⁾ Deur op al drie se diagnoses te

9. Prof Lombard het in 'n toespraak wat hy in Oktober 1986 voor REBSA in Potchefstroom gehou het, verkies om die hoë konsentrasie van mag, inkome en rykdom nie in strukturele terme te ontleed nie, omdat dit glo Marxisties en daarom te emosioneel en sensasioneel is!

konsentreer, kan ons aantoon dat Smith en Ricardo se benaderings óók as struktureel geklassifiseer moet word. Dit is veral belangrik dat die verwronge interpretasie van Adam Smith reggestel sal word. Hierdie verwronge interpretasie word steeds gebruik in die propaganda van die vryemarkiers. Dit word ook gebruik in die heersende ortodoksie van die neo-klassieke paradigma. Die groot tekortkoming van hierdie paradigma is dat dit geensins oor 'n begrippe apparaatuur beskik om die rol wat "magskonsentrasies" en "strukture" in die ekonomie speel, te analiseer nie.

(iii) Die ontwikkelingsprobleme wat Suid-Afrika in die laaste kwart van die 20ste eeu ondervind, kan nie sonder meer vergelyk word met dié waarmee Engeland aan die einde van die 18de en in die eerste helfte van die 19de eeu te make gehad het nie. Nogtans bestaan daar interessante strukturele ooreenkomste wat 'n sistematiese vergelyking regverdig. Afgesien van die ooraanbod van relatief ongeskoolde arbeid, die skerp polarisasie tussen 'n verarmde laerstand en 'n relatief ryk burgerstand, bestaan daar ook belangrike institusionele ooreenkomste tussen Engeland sowat 150 jaar gelede en Suid-Afrika vandag. Die parlementêre ontwikkeling was destyds net so "onderontwikkeld" as wat tans die geval in Suid-Afrika is.

(iv) 'n Laaste rede waarom ek hierdie drie klassieke Ekonomie gekies het, is omdat hulle vir ons 'n goeie voorbeeld bied van hoe invloedryk Ekonomie kan wees indien hulle daarin slaag om deur 'n indringende diagnose die strukturele probleme van hul eie tyd duidelik aan die orde te stel. Die feit dat die Merchant Monopolists hulle mag en invloed in sê die veertig jaar ná die verskyning van Adam Smith se Wealth of Nations (1776) verloor het, die Koringwette dertig

jaar ná die verskyning van Ricardo se Principles (1817) deur die Britse Parlement herroep is en Bismarck met sy welsynstaatbeleid 'n aanvang gemaak het 21 jaar ná die verskyning van Das Kapital (1867), moet in 'n groot mate aan die respektiewelike diagnoses van hierdie drie Ekonomie toegeskryf word. Dit bevestig die stelreël dat dit in die eerste instansie die taak van 'n Sosiaal Wetenskaplike is om met goeie probleemidentifikasie te slaag. Indien hy daarin slaag, is die "oplossings" wat hy self aanbied - of die "profesieë" wat hy homself veroorloof - eintlik van minder belang in die proses van institusionele en/of konstitusionele hervorming wat uiteindelik die nodige herstrukturering bewerkstellig.

(b) Adam Smith se kritiek teen die Merchant Monopolists

Adam Smith (1723-1790) was 'n Morele Filosoof wat geïnteresseerd was in moreel korrekte gedrag en in gesonde maatskaplike verhoudings. In sy Theory of Moral Sentiments (T.M.S.) (1759) het hy hom bekommer oor die moreel skadelike en sosiaal-ontwrigtende effek wat ongetemde eie-belang tot gevolg het en het hy met pynlike nougesetheid die strukturele voorwaardes uiteengesit waaronder eie-belang op 'n sosiaal-voordelige wyse getem of "gehumaniseer" kan word. Dit kan volgens hom slegs in 'n volledig OOP GEMEENSKAP gebeur waarin geen onnodige en/of geslote belangegroeperinge bestaan nie.¹⁰⁾

10. Hy het aanvaar dat die mens naas eie-belang 'n ewe sterk medemenslikheidsgevoel het. Juis omdat die mens graag die goedkeuring en die instemming van sy medemens wil wegdra, sal daar volgens Smith in 'n oop gemeenskap - maar ook net in 'n volledig oop gemeenskap - goeie morele norme ontwikkel en by almal ingeburger word. Dit sal verseker dat individue hulle eie-belang met die nodige omsigtigheid sal nastreef en die nodige welwillendheid teenoor ander sal openbaar.

Die groot klem wat Smith op 'n oop gemeenskap gelê het - en sy teenkanting teen alle vorme van groep- en kliekvorming - herinner sterk aan die moderne filosoof, Karl Popper, se pleidooi vir 'n "Open Society" en staan in skrilte teenstelling met die geykte en statutêr gedefinieerde groeperinge in Suid-Afrika. Dit is belangrik om te besef dat die oordrewe klem wat die blankes in Suid-Afrika op groepsregte en groepsvoorregte plaas en die wyse waarop hulle hierdie regte en belange probeer bevorder, teen die grein van Adam Smith en Popper se idees omtrent 'n "Open Society" gaan. Dit is ook nie versoenbaar met die idee van 'n "vrye" ekonomie nie.

Toe Smith in die ekonomie begin belangstel het, is hy gekonfronteer met die probleem dat selfs al bestaan die voorwaardes vir 'n sosiale ewewig, dit nie voldoende is om ook 'n ekonomiese ewewig tot stand te bring nie. Die afwesigheid van so 'n ewewig het hy aan die bevoorregte en monopolistiese posisie van die handelaars in die merkantilistiese stelsel toegeskryf.¹¹⁾ Hulle posisie van mag en rykdom was nie versoenbaar met sy idee van 'n "oop" gemeenskap nie en daarom het dit ook 'n bedreiging vir die sosiale ewewig ingehou. As Morele Filosoof wou hy graag aantoon dat die "merchants and manufacturers" binne die raamwerk van die merkantilistiese stelsel hulle skuldig maak aan moreel verwerplike gedrag met nadelige sosiale en ekonomiese gevolge. Die kommersiële beskawing van die laaste derde van die 18de eeu was in sy oë verfoeilik omdat dit deurtrek was met misbruike en omdat die handelaars oor mag

11. Adam Smith het 'n tweeledige doel met sy Wealth of Nations (1776) gehad. Hy wou eerstens aantoon dat die ekonomiese stelsel van sy tyd, nl. die merkantilisme, 'n uitgediende en struktureel vergroeide stelsel geword het en tweedens wou hy die (strukturele) voorwaardes uiteensit waaraan voldoen moet word alreeds daar, behalwe die neiging na 'n sosiale ewewig, ook 'n neiging na 'n ekonomiese ewewig met kumulatiewe ekonomiese groei kan wees.

en voorregte beskik het wat hulle in in staat gestel het om hulle selektiewe belange ten koste van die algemene belang te bevorder.¹²⁾

Smith se kritiek teen die kommersiële beskawing van sy tyd kan - in moderne terme - as strukturele kritiek bestempel word. Die kommersiële stelsel het mense aangemoedig om die korrupte waardes en lewenshoudings van die handelaars in die plek van gesonde morele sentimente van die groter gemeenskap te stel. Die handelaars het die morele standaard van die breë gemeenskap, wat hulle voorgee om te dien, ernstig verwring.¹³⁾

Smith het sy beroemde waardeteorie - of sy teorie oor wat die egte waarde of natuurlike prys van goedere bepaal - nie ontwikkel om 'n maatstaf ter wille van 'n doeltreffende toedeling en aanwending van skaars hulpbronne te formuleer nie, maar om 'n morele maatstaf of norm te vind in terme waarvan hy die gedrag van die handelaars aan morele kritiek kon onderwerp. Toe hy op oortuigende wyse kon aantoon dat handelaars en fabrikante (vanweë hulle ekonomiese en

12. Smith skryf van "the wretched spirit of greed and monopoly, so prevalent among our merchants and manufacturers" (W. of N., pp. 426-9). Hy beskuldig handelaars dat hulle hul skuldig maak aan "the sneaking arts of underling tradesmen" en verwys telkens na "the mean rapacity, the monopolizing spirit of merchants and manufacturers" (*ibid.*, p. 460).

13. Smith was nie teen handelaars en kommersiële aktiwiteite per se gekant nie, maar wel teen die kommersiële beskawing van sy tyd: "Commerce, which ought naturally to be, among nations, as among individuals, a bond of union and friendship, has become the most fertile source of discord and animosity" (*ibid.*, p. 460). Smith was ook vyandig gesind teenoor die handelaars omdat hulle in staat was om die regering te adviseer en te intimideer om 'n beleid te volg wat hulle seksionele belange beskerm het ten koste van die algemene belang. Die monopolistiese posisie waaroor hulle beskik het, het aan die handelaars soveel mag verleen "that, like an overgrown standing army, they have become formidable to the government, and upon many occasions intimidate the legislature" (*ibid.*, p. 438).

politieke mag en invloed) pryse vra wat permanent afwyk van die natuurlike prys (of egte waarde) van die goed, kon hy die legitimiteit van die merkantilistiese stelsel bevraagteken.

Smith het hom in sy Wealth of Nations daarvoor beywer dat die merkantilistiese stelsel deur "the system of natural liberty" vervang moet word. Hy was optimisties dat indien sò 'n stelsel tot stand gebring kan word, dit nie alleen tot sosiaal-ekonomiese ewewig nie, maar ook kumulatiewe ekonomiese groei sou lei. 'n Groot deel van Smith se invloed moet toegeskryf word aan sy optimistiese groeiteorie.

Wanneer Smith in sy W. of N. van eie-belang praat wat deur 'n Onsigbare Hand "gelei" sou word om spontaan die algemene belang te bevorder, dan beywer hy hom nie vir ongebreidelde (of 'n amorele) ontplooiing van eie-belang (of individuele selfsug) soos wat populêrweg geglo word nie. Intendeel. Hy bedoel eerder daardie eie-belang-optrede wat reeds binne die raamwerk van 'n bepaalde (d.w.s. beskaafde) sosiale en juridiese struktuur - en danksy die instink van medemenslikheid - getempter is tot omsigtige eie-belang.¹⁴⁾

Die besonder streng strukturele voorwaardes wat Smith vir 'n ideale werking van sy Onsigbare Hand of die vryemark-ekonomie, neergelê het, is nooit verwesenlik nie. Nogtans

14. Wat Smith in sy gewraakte Onsigbare Hand-paragraaf bedoel, kan soos volg hergeformuleer word: Indien daar reeds 'n "sosiale ewewig" (soos in die T.M.S. beskryf) bestaan en individue reeds goeie morele gewoontes aangekweek het en die "system of natural liberty" (d.w.s. atomistiese mededinging tussen 'n groot aantal klein ondernemings) boonop ook op ekonomiese terrein in die plek van die merkantilistiese magsvorming gestel kan word, dan - en dan alleen - kan die "energie" wat in individuele eie-belang verskuil lê, toegelaat word om tot volle ontplooiing te kom, want dan - en dan alleen - sal individue hulle eie-belang nastreef op 'n wyse asof hulle deur 'n Onsigbare Hand gelei word om die algemene belang te bevorder.

het Smith met hierdie leerstelling sy argument teen die groepsbelange en die oordrewe bevoorregting van die Merchant Monopolists gewen en ook die eeue-lange agterdog teen ekonomiese individualisme uit die weg geruim. Op dié manier het hy individue se strewe om hulle eie-belang te bevorder respektabel gemaak en daarmee 'n belangrike bron van "psigologiese" energie ontketen. Net jammer dat die voorwaardes wat hy gestel het vergete geraak het. Gevolglik is die sosiaal-ekonomiese ewewig waarop hy gehoop het, ook nêrens in 'n kapitalistiese ekonomie verwesenlik nie.

(c) David Ricardo se kritiek teen die Gentry

David Ricardo (1772-1823) het sy Principles in 1817 gepubliseer. In die jare onmiddellik ná die Napoleontiese oorloë het stagnante ekonomiese toestande in Brittanje geheers en is broodsgebrek ondervind. Die Britse Parlement is destyds deur die Gentry beheer. Hierdie "club of landlords" het hulle parlementêre mag misbruik om die berugte Koringwette aan te neem. Hiermee het hulle hulle groepsbelange beskerm op 'n wyse wat baie opvallend die algemene belang ondermyn het.

Ricardo het met behulp van sy grondrenteteorie (waarop sy waardeteorie gebaseer was) en sy idee omtrent onbuigbare ekonomiese wetmatigheid op 'n oortuigende wyse aangetoon dat indien proteksionisme gehandhaaf bly (en koring nie vrylik ingevoer kan word nie) die eienaars van skaars goeie grond (d.w.s. die Gentry) oor 'n monopolieposisie beskik wat al hoe sterker word hoe groter die bevolking groei en goeie grond al hoe skaarser word. Hierdie monopolieposisie - wat deels op die eiendom en die oorerwing van goeie grond en deels op die proteksionistiese beleid gebaseer was - het die Gentry in staat gestel om steeds 'n groter deel van die volksproduk as (onverdiende) grondrente op te eis, wat hulle - volgens Ricardo - op luukse verbruik bestee of vermors

het. Selfs in omstandighede waarin die arbeiders net onderhoudslone ontvang het - en die bevolking dus nie onnodig vinnig gegroei het nie - styg die Gentry se aandeel in die volksproduk volgens hom ten koste van die aandeel van die (dinamiese) ondernemersklas. Mettertyd sal die ondernemers nóg oor die vermoë nóg oor die motivering beskik om risikobeleggings te maak. Dan sal blywende stagnasie intree.

Aangesien die Koringwette die prys van koring kunsmatig op 'n te hoë vlak gehandhaaf het, en koring (as die belangrikste loongoed) 'n baie belangrike insetkoste was, het die hoë koringpryse ook die Britse industrieë se uitvoervermoë ernstig benadeel. Ricardo het hom dus met 'n konflik-model bedien. Met behulp daarvan het hy aangetoon dat die konsentrasie van ekonomiese en politieke mag in die hande van die Gentry die ekonomie in 'n drukgang laat beland het wat onverbiddelik (weens die onbuigbare werking van ekonomiese wetmatigheid en vanweë politieke of konstitusionele starheid) op 'n toestand van chroniese stagnasie sou uitloop.

Ricardo het in effek aangetoon dat die Gentry destyds hulle ekonomiese en politieke mag vir beleidsmaatreëls misbruik het asof "Britain can go it alone". Sodanige maatreëls het die groepsbelange van die Gentry uitermatig bevoordeel (en in vandag se terme heelwat kits-miljoenêrs geskep), maar tot stagnasie en groeiende armoede gelei. In 1832 is die Gentry se politieke mag verswak toe die Reform Act aanvaar is en in 1847 is hulle ekonomiese magsposisie verswak toe Robert Peel die Koringwette herroep het. Danksy die invoer van goedkoop koring het Brittanje in die jare vyftig en sestig van die vorige eeu sy "Victorian Golden Age" beleef. Die hervorminge van 1832 en 1847 het dus die beskawingstruktuur in Brittanje ingrypend verander en Brittanje uit die negatiewe werking van die Ricardiaanse drukgang bevry. Ongelukkig het dit

gepaard gegaan met 'n Laissez-faire beleid en met 'n geloof in Ricardo se ysterloonwet wat tot 'n redelik hoë groeikoers en haglike sosiaal-ekonomiese omstandighede gelei het. Hierdie haglike omstandighede het die teelaarde vir sosialistiese idees gevorm.

(d) Karl Marx se kritiek op die industriële kapitaliste

Karl Marx (1818-1883) stel dit in die Voorwoord van sy Das Kapital (1867) dat "it is the ultimate aim of this work to lay bare the economic law of motion of modern society". Marx ontleen aan Ricardo die idee van ekonomiese wetmatigheid, maar gee 'n "dinamiese" betekenis daaraan in teenstelling met die statiese of "ahistoriese" betekenis wat Ricardo daaraan geheg het.

Marx was geïnteresseerd in ekonomiese "wetmatighede" in 'n kapitalistiese raamwerk of struktuur. Hierdie "wetmatighede" het volgens hom 'n onderdeel gevorm van 'n meer omvattende historiese wetmatigheid wat die institusionele of "beskawingsraamwerke" oor die verloop van die geskiedenis vorm en omvorm. Wat Ricardo as natuurlike wette beskou het, reduceer Marx tot relatiewe "wette" wat slegs geldigheid het tydens die beperkte tydvak van die kapitalisme.¹⁵⁾

Met behulp van die Ricardiaanse wetmatigheid - maar op grond van 'n ander waardeteorie - het Marx probeer aantoon dat arbeid selfs in 'n toestand van markewewig (bv. in die vroeë

15. Terwyl hierdie "wette" vir Ricardo neutraal is in die sin dat dit nie implikasies vir die institusionele raamwerk of die beskawingspatroon het nie, vind daar volgens Marx 'n vormgewende wisselwerking tussen die wetmatigheid van die "kapitalistiese enjin" en die "kapitalistiese raamwerk" plaas en is die werking van die wetmatigheid van die enjin - as deel van die langtermyn-historiese of dialektiese wetmatigheid - sodanig dat dit die voortbestaan van die kapitalisme ondermyn en die weg voorberei vir 'n sosialistiese stelsel en die daarmee samehangende beskawingspatroon.

kapitalistiese tydperk) deur die kapitaliste geëksploiteer word en dat die kapitalistiese stelsel dus essensieël op uitbuiting teer.

Anders as Ricardo het Marx nie veronderstel dat die sterk biologiese voortplantingsneiging van die mens vir so 'n groot aanbod van arbeid sal sorg dat lone na die onderhoudsvlak sal neig nie. Hy beweer dat industrialiste steeds meer kapitaal in die plek van arbeid sal stel en dat die "masjienwerkloosheid" 'n ooraanbod van arbeid op die arbeidsmark sal bewerkstellig om lone op die minimum of uitbuitingsvlak vas te pen. In die mate waarin die gebruikswaarde van arbeid groter is as die ruilwaarde (of minimum loon) sal die kapitaliste meerwaarde op arbeid verdien. Hy was van mening dat die koers van meerwaarde min of meer konstant sal bly en selfs kan styg. Selfs al sou die koers van meerwaarde styg, sal die permanente styging van die organiese samestelling van kapitaal mettertied tot gevolg hê dat die winskoerse sal daal.

Marx het met sy meerwaarde- en uitbuitingsteorieë probeer aantoon dat die totale surplus in 'n kapitalistiese ekonomie na die kapitaaleienaars vloei en dat hulle dit volledig sal belê in die vorm van kapitaalverdieping en kapitaalvernuwing. Deur middel van die kapitaalverdieping sal die kapitaliste probeer om groter masjienwerkloosheid te skep sodat lone op 'n lae peil gehandhaaf kan bly. Deur middel van kapitaalvernuwing sal die kapitaliste 'n monopolieposisie ter wille van hoër winskoerse probeer bekom. Die groot beleggings sal sekulêre groei veroorsaak, maar dit sal gepaard gaan met periodieke oorproduksie, sikliese onstabiliteit en dalende winskoerse. Die masjienwerkloosheid en die groeiende armoede van die proletariaat sal die klassebewussyn of die haat teen die kapitalisme so verskerp dat daar uiteindelik en onvermydelik 'n proletariese revolusie sal plaasvind. Die kapitalistiese

ekonomie beland volgens Marx noodwendig in die drukgang van 'n negatiewe-somspel met groter masjienwerkloosheid, groter armoede en ellende enersyds en met dalende winskoerse andersyds!

Marx het die geskiedenis as 'n omvattend organiese proses van transformasie en ontwikkeling beskou en dit die sentrale tema van sy model gemaak. Die noodwendige oorgang vanaf een stadium of "stelsel" vind volgens Marx op 'n redelik evolusionêre wyse plaas. Tydens die kapitalisme verkry die uitbuitende klas (die kapitaliste) so 'n sterk magposisie vanweë die produksiekapasiteit van die industrialisme en word hulle mag sò deur die politieke stelsel en deur die ideologie en propaganda van die burgerstandbeskawing ondersteun, dat die kapitaliste nie vrywillig, en ook nie deur oorreding, van hulle magposisie afstand sal doen nie. Die kapitalisme sal volgens hom net deur 'n proletariese revolusie uit die weg geruim kan word. Gevolglik vorm die besondere mentaliteit of 'n klassebewussyn (d.w.s. 'n kollektiewe haat teen kapitalisme), wat as gevolg van kapitalistiese uitbuiting by die proletariaat ingeskerp word, 'n belangrike skakel in Marx se teorie omtrent die onvermydelikheid van 'n proletariese revolusie.

Volgens Marx bestaan daar in elke fase van die geskiedenis 'n spanning tussen diegene wie se politieke en organisatoriese magposisie op uitgediende ekonomiese prosesse berus, en diegene wat op grond van die moderne fase van ekonomiese ontwikkeling op addisionele mag en voorregte kan aanspraak maak. In 'n hoogkapitalistiese land word soveel politieke en ekonomiese mag in die hande van die kapitaliste saamgetrek dat die "spanning" tussen kapitaal en arbeid volgens hom net deur 'n revolusie uit die weg geruim kan word.

Die proletariese revolusie wat Marx vir hoogkapitalistiese lande voorspel het, het nog nie in enige sodanige land plaasgevind nie. Hy het opvallend nie rekening gehou met die ingrypende institusionele hervorming wat in die eerste sestig jaar ná die verskyning van Das Kapital in die meeste Westerse lande teweeggebring sou word nie. Tewens, hy het sodanige institusionele hervorming as onmoontlik geag. In 1888 het Bismarck met sy welsynstaatbeleid begin. Die opkoms van parlementêre demokrasie en die vakbondwese het mettertyd (maar veral ná die Eerste Wêreldoorlog) tot gevolg hê dat Demokratiese of Welsynstaatkapitalisme in Westerse lande geïnstitusioneel geraak het. Hierdeur is die lewensomstandighede van die arbeiders aanmerklik verbeter en is die magsverhoudings tussen kapitaal en arbeid ook fundamenteel verander. Net soos konstitusionele hervorming die Britse ekonomie in die middel van die 19de eeu uit die Ricardiaanse drukgang na stagnasie bevry het, net so het ingrypende institusionele en konstitusionele hervorming aan die begin van die 20ste eeu Westerse kapitalisme uit die Marxistiese drukgang na 'n proletariese revolusie bevry en die Marxistiese kritiek irrelevant in hoogsontwikkelde Westerse lande gemaak.

(e) Parallele in die diagnoses van Smith, Ricardo en Marx

'n Mens kan interessante parallele vind in die diagnoses wat Smith, Ricardo en Marx van die strukturele probleme van hulle tyd gemaak het.

Eerstens was al drie groei-ekonome wat hulle verantwoord het oor die wyse waarop 'n surplus ontstaan, toegedeel en aangewend word. Al drie ontwikkel 'n waardeteorie om te verklaar hoe 'n surplus ontstaan en in watter ekonomiese groep se hande dit beland. Vir al drie was die strukturele wanbalans van hulle eie-tydse ekonomieë geleë in die feit dat die oordrewe konsentrasie van ekonomiese en politieke

mag in die hande van 'n klein groepie tot gevolg gehad het dat die surplus nie aangewend word op 'n wyse wat toepaslike en/of welvaartskeppende ekonomiese groei bewerkstellig nie en dat die betrokke groep dus sy partikuliere belange bevorder op 'n wyse wat die algemene belang benadeel.

Volgens Smith het die Merchant Monopolists 'n groot deel van die surplus ingepalm deur hulle moreel op 'n twyfelagtige wyse te gedra. Ricardo toon met sy grondrenteteorie aan dat op 'n eiland met 'n groeiende bevolking en 'n proteksionistiese beleid, 'n steeds kleiner gedeelte van die surplus as profyte tot die ondernemersklas toegereken word en dat dit tot 'n afname in belegging en mettertyd tot ekonomiese stagnasie sal lei.

Marx toon met behulp van sy arbeidswaardeteorie aan dat die kapitaliste hulle ekonomiese magsposisie kan gebruik om die organiese samestelling van kapitaal te verhoog om masjienwerkloosheid te skep om lone nog laer af te dwing in hulle strewe na 'n hoër winskoers. Maar volgens sy waardeteorie is die kapitalistiese proses van vooruitgang 'n tweesnydende swaard wat groter werkloosheid en armoede, maar òók dalende winskoerse veroorsaak, selfs al word 'n hoë groeikoers gehandhaaf.

Tweedens, toon al drie aan dat diegene wat oor 'n ekonomiese magsposisie beskik, hierdie mag òf aan die politiek ontleen òf daarin slaag om hulle ekonomiese magsposisie te versterk of te verskans deur beheer oor die politieke (parlementêre) mag uit te oefen. Die Merchant Monopolists het hulle magsposisies te danke gehad aan spesiale oktrooie en konsessies wat die politieke bewindhebbers (sowel die konings as die Gentry parlement) oor byna drie eeue aan hulle toegestaan het. Die politieke bewindhebbers het vanaf die 16de eeu spesiale voorregte aan die handelaars verleen op grond van die veronderstelling dat 'n deel van die winste

(wat uit die meesal staatsondersteunde plundery behaal sou word) in die staatskas sou beland.

Die Gentry het volgens Ricardo van hulle parlementêre beheer misbruik gemaak om die monopolieposisie (of ekonomiese mag) wat hulle as die eienaars van skaars goeie grond gehad het, verder te versterk deur die Koringwette op die wetboek te plaas en die prys van koring kunsmatig hoog te hou om die skaarsheidswaarde van goeie grond verder te verhoog.

Marx was baie skepties ingestel teenoor politieke mag en het dit as heeltemal onmoontlik geag dat die ekonomiese magsmisbruike - wat hy as inherent aan kapitalisme beskou het - deur politieke optrede uit die weg geruim kan word. Hy het die politieke en parlementêre mag bloot as 'n verlengstuk en as 'n instrument van ekonomiese mag beskou wat op 'n meedoënlose manier deur die kapitaliste misbruik word om hulle (vermeen kwynende) ekonomiese magsposisie te konsolideer en propagandisties goed te praat.

Derdens toon al drie aan dat diegene wat oor ekonomiese mag beskik mettertyd in 'n drukgang beland waardeur hulle ekonomiese mag en rykdom op 'n werklike of vermeende wyse begin kwyn. Volgens al drie sal die ekonomiese magsgroepe uit hierdie drukgang probeer kom deur 'n alliansie met die politieke bewindhebbers te sluit of deur die politieke mag waaroor hulle reeds beskik vir 'n eie "reddingsaksie" te misbruik.

Adam Smith waarsku dat die handelaars met hulle "glamour and sophistry" die res van die gemeenskap en die owerheid sal probeer oortuig "that the private interest of a part, and of a subordinate part of society, is the general interest of the whole" (W. of N., p. 128).

Ricardo en Marx se teorieë het 'n enigszins meer dinamiese karakter gehad as dié van Smith. Volgens Ricardo het die Gentry die skaarsheidswaarde van die goeie grond (en die monopolie wat dit aan hulle verleen) aansienlik verhoog deur die Koringwette op die wetboek te plaas. Die besondere kenmerk van Ricardo se model is dat diegene wat oor ekonomiese en diegene wat oor politieke mag beskik nie twee groepe was wat 'n alliansie gesluit het nie. Dit was een en dieselfde groep.

Volgens Marx bevind die kapitaliste hulle mettertyd in die drukgang van 'n werklike of vermeende afname van winskoerse en van ekonomiese mag. In 'n wanhopige poging om dit te voorkom, sal hulle nie alleen hulle toevlug tot monopolievorming neem nie, maar ook die bourgeois-parlement en meningsvormende organe tot hulle eie voordeel manipuleer. Hy was van mening dat die kapitaliste se ekonomiese mag geleidelik sou daal (vanweë dalende winskoerse), maar dat hulle politieke mag aanhoudend sou styg. (Ironies genoeg het die kapitaliste se ekonomiese mag geleidelik gestyg (danksy volgehoue ekonomiese groei) en hulle politieke mag geleidelik gekwyn (danksy institusionele hervorming) in die 60 jaar ná die verskyning van Das Kapital.)

5. DIE DINAMIKA ONDERLIGGEND AAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE STRUKTUUR

(a) Die "rigting" van die onderliggende dinamika

Die vraag wat ek teen die agtergrond van die voorafgaande aan die orde wil stel, is wat die aard van die dinamika onderliggend aan die Suid-Afrikaanse ekonomie en/of beskawingsraamwerk is. Beweeg hierdie dinamika in so 'n "rigting" dat dit oor die lang termyn die wanbalanse (of ondoelmatigheid) op 'n min of meer spontane wyse sal regstel, of het dit so 'n "disekwilibrium" karakter dat dit

die "wanbalanse" eenvoudig kumulatief gaan voortplant en Suid-Afrika verder in die drukgang van groeiende ongelykheid, erger stagnasie en armoede en 'n verdere afname in vertroue en in legitimititeit gaan dwing?

Indien ons die konseptuele raamwerk van Adam Smith, Ricardo en Marx gebruik in ons identifisering van die dinamika onderliggend aan die Suid-Afrikaanse ekonomie, dan moet ons fokus op die politieke en die ekonomiese magskonsentrasies in Suid-Afrika en op die onderlinge verhouding tussen die vernaamste magsgroepeerings. In ons bespreking van die dubbele beskawingsraamwerk van Suid-Afrika en die wyse waarop dit deur Apartheid "geënkapsuleer" word, het ons reeds gewys op die hoë konsentrasie van ekonomiese en politieke mag en rykdom waaroor hoofsaaklik die blankes beskik, en op die gebrekkige ekonomiese en politieke mag van die meerderheid anderskleuriges. Vanweë hierdie magswanbalanse - en die verskille in rykdom en armoede - is die strukturele voorwaardes vir 'n doelmatige werking van die ekonomie (en die politiek) opvallend afwesig. Gevolglik is en bly dit die langtermyn strukturele kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomiese en politieke toneel - sê reeds vanaf Uniewording - dat die blankes hulle belange kan bevorder op maniere wat dikwels nie tot die voordeel van die geheel strek nie.

Uit 'n teleologiese oogpunt geoordeel, bestaan daar afdoende redes om te beweer dat die beskawingsraamwerk of struktuur in Suid-Afrika (soos beliggaam deur Apartheid) geensins doelmatig vir die bevordering van die welvaart van al 35 miljoen mense in Suid-Afrika is nie. Dit is noodsaaklik dat Apartheid (in sowel die politieke as die ekonomiese dimensies daarvan) stelselmatig maar so gou as moontlik afgetakel sal word deur toepaslike strukturele hervorming. Sodanige hervorming is onontbeerlik indien ons die strukturele voorwaardes vir 'n redelik gewenste en/of

doelmatige (d.w.s. welvaartskeppende) werking van die ekonomie tot stand wil bring. Dit is soveel te meer onontbeerlik vir die herstel van binne- en buitelandse vertroue, vir toepaslike ekonomiese groei en werkskepping, asook vir die herstel van die legitimiteit van die stelsel in die ruimste sin van die woord. Apartheid en die persepsies wat ten regte of ten onregte rondom dit ontstaan het, gaan so teen die grein van huidige Westerse waardes dat Suid-Afrika eenvoudig nie kan verwag dat hy sy ekonomiese verhoudings met die Westerse wêreld enigsins sal kan "normaliseer" voordat 'n geloofwaardige proses ter wille van die aftakeling van Apartheid op dreef kom nie. Sonder die herstel van internasionale ekonomiese verhoudings, sal 'n hoë en standhoudende proses van ekonomiese groei en werkskepping klaarblyklik ook nie aan die gang kom nie.

Solank Apartheid bly voortbestaan, sal dit klaarblyklik nie moontlik wees:

- (i) om 'n strukturele "raamwerk" te skep waarin die (tans statutêr verskansde) groepsbelange versoen kan word met die algemene belang (= sosiale welvaart) van al 35 miljoen mense in Suid-Afrika nie en sal die "konflik-element" nie uit die samelewing verwyder kan word nie;
- (ii) om die nodige vrye en dwarssnydende belange-groeperinge, sosiale stabiliteit en redelike maatskaplike regverdigheid te bewerkstellig nie; en
- (iii) om binne- en buitelandse vertroue tot so 'n mate te herstel dat voldoende langtermyn ekonomiese groei en werkskepping weer kan plaasvind en die belasting-kapasiteit (ter wille van toepaslike welvaarts-bestedings) na wense kan toeneem nie.

(b) Magskonsentrasies en Apartheid in historiese perspektief

Om 'n uitspraak oor die dinamika onderliggend aan die Suid-Afrikaanse stelsel en oor die aard en "rigting" daarvan te maak, is dit nodig om die rol wat politieke en ekonomiese magskonsentrasies met betrekking tot Apartheid en die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel gespeel het, in die gewenste historiese perspektief te stel. Sowel ekonomiese as politieke magsfaktore het vormend ingewerk op die totstandkoming, die handhawing en die omvorming van Apartheid en die ekonomiese stelsel in die loop van hierdie eeu.

Gedurende die eerste helfte van die eeu is die politieke mag - met die uitsondering van slegs 9 jaar (1924-1933) - deur die Engelse establishment (waarvan die Kamer van Mynwese die kern gevorm het) beheer. In hierdie halfeeue was die ekonomie byna volledig deur die Engelse establishment gemonopoliseer. Hierdie establishment het van sowel sy politieke as sy ekonomiese mag gebruik (of misbruik) gemaak om aan Apartheid en aan die Suid-Afrikaanse vorm van kapitalisme hulle aanvanklike beslag te gee. Paul Johnson beweer tereg dat "all the essentials of white supremacy and physical segregation existed before the United Party lost power to the Boer Nationalist in May 1948". (A History of the Modern World, 1983, p. 522.)

Vanweë die Laissez-faire opvattinge wat gedurende die eerste helfte van die eeu algemene aanvaarding geniet het in die geledere van die Engelse establishment, het hierdie establishment 'n ekonomiese en politieke stelsel ontwikkel wat weinig sensitiwiteit getoon vir die proletariserende effek waarmee ekonomiese groei en modernisering destyds gepaard gegaan het. Hierdie onverskilligheid het die anderskleurige bevolkingsgroepe en 'n deel van die

Afrikaners in armoede en afhanklikheid gedompel. Suid-Afrika is gedurende die eerste helfte van hierdie eeu gemoderniseer teen 'n prys aan menslike lyding en ontbering wat waarskynlik te hoog was. Terselfdertyd is die oordrewe segmentering van die Suid-Afrikaanse bevolking nie verminder nie, maar eerder vererger en is dit mettertyd statutêr verskans.

Merle Lipton toon tereg aan dat blanke landbou en blanke werkers (wat hoofsaaklik uit Afrikaners bestaan het) weliswaar nie die politieke mag gedurende die eerste helfte van die eeu beheer het nie, maar tog oor soveel potensiële politieke mag beskik het dat hulle belange nie geïgnoreer kon word nie.¹⁶⁾ Gevolglik het die blanke landbou se behoefte aan goedkoop Swartarbeid enersyds en die blanke werkers (buite die landbou-sektor) se vrees vir die mededinging van goedkoop Swartarbeid andersyds, reeds gedurende die eerste helfte van die eeu 'n belangrike rol gespeel om aan Apartheid sy besondere karakter (en die kontradiksies wat daarin opgesluit lê) te gee.

Ná die Verkiesing van 1948 is die noue alliansie tussen diegene wat oor politieke en diegene wat oor ekonomiese mag en rykdom beskik het, verbreek. In die daaropvolgende sowat 25 jaar is die dinamika onderliggend aan die Suid-Afrikaanse ekonomie bepaal deur 'n openlike mags- en ideologiese stryd tussen die (hoofsaaklik Afrikaner) establishment wat die politieke beheer het en die (hoofsaaklik Engelse) establishment wat die ekonomie beheer het. In die byna meedoënlose stryd om politieke en ekonomiese opperheerskappye tussen hierdie twee establishments, is strukture geskep en is beleidsmaatreëls neergelê wat weinig sensitiwiteit vir die belange van die anderskleurige bevolkingsgroepe getoon het. Gevolglik is die proses van

16. Vgl. Lipton, M., Capitalism and Apartheid, Wildwood House, hoofstuk 10.

verarming en groeiende afhanklikheid van hierdie bevolkingsgroepe - maar veral die Swartes - voortgesit en selfs vererger en het Apartheid sy omvattende en starre karakter verkry.

Ná 1948 het die opeenvolgende regerings met behulp van diskriminerende maatreëls, enersyds en met behulp van burokratiese werkseleenthede en 'n welsynstaatbeleid (ter wille van veral die Afrikaners) andersyds, daarin geslaag om die armblankevraagstuk teen sê die middel van die sestigerjare op te los. Ongelukkig is daarna met die beleid van blanke bevoorregting volhard. Gevolglik is die blankes nie alleen in 'n posisie van oordrewe verskansing en relatiewe welvarendheid geplaas nie, maar het hulle ook verwen geraak aan lewenstandaarde en aan opvattings omtrent hulle eie "groepsregte" wat eenvoudig nie gehandhaaf kan word gegewe die relatief "Derdewêreld-vermoë" waaroor die Suid-Afrikaanse ekonomie beskik nie.

Die magstryd tussen die twee blanke establishments was besonder fel in die vyftiger- en begin sestigerjare. Die wyse waarop die (hoofsaaklik) Afrikaner establishment sy (nuutgevonde) politieke magsposisie organisatories en ideologies probeer konsolideer en regverdig het, en die wyse waarop die (hoofsaaklik) Engelse establishment sy bestaande ekonomiese magsposisie deur oordrewe monopolistiese magskonsentrasies en 'n eie ideologiese propaganda-veldtog probeer verskans het, het die felheid van die stryd aansienlik vererger. Hoe feller die stryd gewoed het, hoe meer is die belange van die anderskleuriges op die agtergrond geskuif. Vanaf die middel van die sestigerjare het die intensiteit van hierdie magstryd tussen die twee blanke establishments egter begin afneem. Enersyds het die blanke (hoofsaaklik Afrikaner) landbou en die goudmynbedryf se afhanklikheid van goedkoop Swartarbeid begin afneem en het die blanke (hoofsaaklik Afrikaner) arbeiders se vrees

vir goedkoop Swartarbeid ook verminder danksy die beskikbaarheid van genoeg geskoolde werkseleenthede (in veral die openbare sektor) en danksy die relatiewe geskooldheid van blankes. Andersyds het 'n Afrikaner sakesektor na vore getree wat in redelik noue alliansie met die politieke maghebbers die "eenheid van ekonomie en politiek" - wat so 'n kenmerkende eienskap van Apartheid en kapitalisme in die eerste helfte van die eeu was - gedeeltelik herstel het, maar in die hande van die Afrikaner i.p.v. die Engelse establishment.

Die tydperk van 1965 tot 1980 kan as 'n oorgangstydperk beskou word waarin die politieke bewindhebbers hulle noue alliansie met die blanke landbou geleidelik "verruil" het vir 'n nouer "alliansie" met belangrike dele van die sakesektor (insluitende sekere dele van die landbousektor). In hierdie groeiende alliansie tussen die burokratiese staat en belangrike dele van die sakesektor het dit mettertyd nie meer saak gemaak of die betrokke ondernemings deur Afrikaans- of Engelssprekendes beheer word nie.¹⁷⁾

Verskeie faktore het waarskynlik 'n rol gespeel toe die "nuwe" alliansie tussen die owerheid en 'n deel van die sakesektor sy aanvanklike beslag in die sewentigerjare gekry het. Die NP-regering was aan die begin van daardie dekade al vir 25 jaar aan bewind en het 'n reusagtige burokrasie uitgebou wat die veelheid van wette en regulasies moes administreer. Op dié manier het daar nie alleen 'n "oorgroeide" burokratiese staat tot stand gekom nie, maar hierdie staat het hom met byna alle aspekte van die ekonomiese lewe bemoei en dit probeer reguleer. Hoewel die

17. Dit is nogal betekenisvol dat daardie deel van die blanke kieserskorps wat die regerende party ondersteun ook sy eksklusief Afrikaner karakter verloor het. Gedurende die onlangse verkiesing het sowat 55 persent van die Engelssprekendes na beraming die NP ondersteun teenoor slegs 50 persent van die Afrikaanssprekendes.

ondernemings wat deur die Engelse establishment beheer word, aanvanklik heftig beswaar gemaak het teen die burokratiese rompslomp en bemoeienis het baie van die Engels-beheerde ondernemings mettertyd besef dat daar vir hulle - net soos vir die Afrikaans-beheerde ondernemings - ook konsessionele en ander voordele in nouer samewerking met die burokratiese staat skuil. Die beleidsmaatreëls wat die owerheid in die sewentigerjare gevolg het om die internasionale afhanklikheid van Suid-Afrika te probeer verminder - bv. invoervervanging, die opbou van strategiese industrieë en veral Krygkor - het baie ondernemings (in veral die Engelssprekende gemeenskap) wat aanvanklik redelik vyandig teen die regering en die burokrasie gestaan het, ook in die invloedsfeer van die burokratiese staat betrek, veral vanweë die korttermynvoordele wat nouer samewerking vir hulle ingehou het.

Die "nuwe" alliansie tussen die burokratiese staat en 'n belangrike deel van die sakesektor het sy aanvanklike beslag in die vorige dekade gehad toe 'n beleid gevolg is om Suid-Afrika se afhanklikheid van die buiteland te verminder in 'n poging om Suid-Afrika van nadelige buitelandse invloede te "isoleer". Ongelukkig het hierdie poging tot groter internasionale selfstandigheid nie geslaag nie. Parallel aan die program om groter selfstandigheid te bekom, het die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n struktuurverandering ondergaan waardeur die kapitaal-intensiteit skerp toegeneem het en Suid-Afrika se afhanklikheid van buitelandse tegnologie en kundigheid en van ingevoerde kapitaalgoedere en van buitelandse kapitaal skerp toegeneem het. Dit is nogal ironies dat sedert Suid-Afrika sy politieke "kolonialisme" finaal beëindig het in 1961, die sakesektor in die naam van groter selfstandigheid in 'n soort "ekonomiese kolonialisme" vasgevang geraak het omdat hy sy produksiestruktuur op die Eerstewêreld se patroon gemoduleer het op 'n stadium toe die

sakesektor ook al hoe meer "afhanklik" van die burokratiese beheer en bevoorregting geraak het.

'n Mens kan met reg die vraag stel of die moderne sektor van die ekonomie nie gedurende die afgelope dekade sy vitaliteit en kreatiwiteit verloor het, juis vanweë hierdie dubbele "afhanklikheid" nie: 'n verslawing aan "Eerstewêreldpatrone" enersyds en aan burokratiese bevoordeling en reglementering andersyds? Hierdie soort ekonomiese "kolonialisme" wat reeds in wording was in die sestiger- en veral sewentigerjare, het in die tagtigerjare vererger vanweë die boikotte en disinvesterings, vanweë die "belegpsigose" wat die regering en dele van die sakesektor teenoor die buiteland openbaar en vanweë die steeds hefter alliansie wat tussen die burokratiese staat en belangrike dele van die sakesektor tot stand gekom het.

(c) Die huidige alliansie tussen die burokratiese staat en 'n belangrike deel van die sakesektor

Die baie noue samewerkingsverhouding (en die daarmee samehangende wederkerige bevoorregting) tussen die burokratiese staat en 'n belangrike deel van die sakesektor is gedurende die afgelope 10 jaar deur veral drie faktore verder gevorm en geslyp, nl. die toestand van sekulêre stagnasie, die groeiende internasionale isolasie (vanweë boikotte en disinvestering) en die groot magskonsentrasie op politieke en burokratiese gebied. Die moderne sektor van die ekonomie bevind hom in 'n drukgang en 'n "onderprestasie" word op bykans elke terrein van die ekonomie en die staatkunde ondervind.

Die groeiende alliansie in die tagtigerjare tussen diegene wat oor politieke en diegene wat oor aansienlike ekonomiese mag en rykdom beskik, was blykbaar nie toevallig nie, want dit is deur die swak prestasies van die ekonomie

geïnspireer. Hierdie alliansie is klaarblyklik tot 'n groot hoogte daarop bereken om die "verliese" wat die "drukgangsituasie" vir albei partye meebring, so goed as moontlik uit te skakel en om die "winste" wat daaruit gehaal kan word, vir albei partye van die alliansie te behou.

Oorsaak en gevolg kan in hierdie gekompliseerde situasie nie maklik uitmekaar gehaal word nie. Hierdie noue alliansie of die magskonsentrasie tussen die burokratiese staat en 'n belangrike deel van die sakesektor, is besig om die karakter van 'n soort "korporatiewe staat in 'n ekonomie van beleg" te verkry waar die belange van diegene wat lede van hierdie "korporatiewe staat" is, voorrang kry bo die belange van die groter gemeenskap. Op hierdie manier is magskonsentrasies besig om te ontwikkel wat merkwaardige ooreenkomste toon met die magskonsentrasies wat deur Adam Smith, Ricardo en Marx respektiewelik as dié strukturele probleem van hulle eietydse ekonomieë geïdentifiseer het en wat slegs deur ingrypende strukturele hervorming uit die weg geruim kon word.

Die wyse waarop die burokratiese staat en 'n deel van die sakesektor hulleself deur die vorming van 'n "korporatiewe staat in 'n ekonomie van beleg" teen die nadele van die "drukgangsituasie" probeer verskans, (en selfs voordeel daaruit probeer haal) het moontlik tot gevolg dat Apartheid (en die besondere vorm van kapitalisme), eerder sterker gevestig word en die noodsaaklikheid van strukturele hervorming al hoe meer op die agtergrond geskuif word. In soverre hierdie alliansie die stelsel van Apartheid en sekere kapitalistiese praktyke sterker vestig, verminder die kanse op daardie soort "ommekeer" waardeur binnelandse stabiliteit en buitelandse vertroue weer in ere herstel kan word. Gevolglik is die oordrewe magskonsentrasies eerder besig om die neiging na strukturele stagnasie, na strukturele ondoelmatigheide en na 'n politieke en ekonomiese

legitimiteitskrisis te vererger. As synde 'n kernbestanddeel van die strukturele wanbalanse in die Suid-Afrikaanse ekonomie, veroorsaak die oordrewe magskonsentrasies dat die onderlinge verhouding tussen die tussendoelstellings geneig is om eerder botsend as komplementêr te wees : ekonomiese groei (wanneer dit wel plaasvind) lei waarskynlik tot groter ongelykheid, tot groter onstabiliteit en internasionale kwesbaarheid en dit kan ook Apartheid bestendig en sekere kollektiewe wanopvattinge verder inburger.

Die "disekwilibrium"-effek wat die groeiende alliansie tussen die politieke en ekonomiese magshebbers op die Suid-Afrikaanse situasie uitoefen, kan ook verduidelik word deur te let op die moontlike hervorming wat dalk "afgedwing" kon gewees het, indien hierdie alliansie nie tot stand gekom het nie. Die vraag wat onvermydelik gevra moet word, is die volgende: Wat sou gebeur het indien die sakesektor openlik en gesamentlik 'n ferm standpunt teenoor die regering ingeneem het omdat hierdie land nie langer die "luukse" van Apartheid en die daarmee gepaardgaande blanke bevoorregting kan bekostig nie en omdat Suid-Afrika eweneens nie die groeiende internasionale isolasie kan bekostig nie? Daar is rede om te glo dat sò 'n standpuntinname en toepaslike kritiek die proses van hervorming sou verhaas het - of ten minste nie sou vertraag het nie. Sò 'n standpuntinname kon moontlik ook die beweging na die "ekonomie van beleg" teengewerk het. Dit sou ook kon meebring dat die vlak van openbare debat oor die onhoudbaarheid van die status quo nie op so 'n lae vlak sou wees soos wat tans die geval is nie.

Baie individuele sakemanne en afsonderlike ondernemings besef - of behoort te besef - dat die 13 jaarlange sekulêre stagnasie, die chroniese gebrek aan sake-vertroue en die toenemende internasionale isolasie net beëindig kan word indien 'n dramatiese verandering in die regering se beleid ten opsigte van die aftakeling van Apartheid en ten opsigte

van magsdeling met Swartes in die Sentrale Parlement kan plaasvind. Ten spyte van hierdie besef, is die sakesektor blykbaar nie gewillig of in staat om openlik en gesamentlik 'n ferm standpunt in te neem teen die regering se onvermoë om toepaslike hervorminge teweeg te bring nie. Baie sake-ondernemings (in veral die Engelssprekende gemeenskap) probeer om steeds die ou mite in stand te hou as sou hulle tēn die burokratiese staat en tēn Apartheid gekant wees, maar hulle is tog nie bereid om in 'n individuele of 'n georganiseerde wyse openlik die mag waaroor hulle beskik te gebruik as 'n "countervailing power" teen diē van die burokratiese staat nie.¹⁸⁾ Waarom nie? Dit is 'n vraag wat dringende aandag verdien.

- (d) Redes waarom sakesektore nie 'n funksionele rol t.o.v. hervorming kan speel nie

Die ontwikkelingsekonoom, Albert Hirschman, skryf in sy boek, "Exit, Voice, Loyalty" (Harvard University Press, 1970) dat die lede van enige organisasie op drie maniere kan reageer as die organisasie waaraan hulle behoort (d.w.s. ook die staat waarvan hulle burgers is) nie meer die gewenste prestaties lewer nie : hulle kan óf lojaal bly, maar dit is redelik irrasioneel; óf hulle kan hulle stem (meesal agter geslote deure) verhef, maar dit het net beperkte effek: óf hulle kan die "exit"-opsie uitoefen wat openlike teenkanting (maar nie noodwendig emigrasie nie) beteken.

18. Sommige sakemanne sal hulle moontlik verweer met die argument dat hulle "weerstand" bied teen Apartheid deur nie te belê nie en deur steeds skuiwergate te vind om hulle bates uit die land te neem. Dit kan egter nie as konstruktiewe "weerstand" beskou word nie, maar moet as 'n destruktiewe ontwyking van verantwoordelikheid bestempel word. Dit is wel waar dat baie (veral Engelssprekende) sakemanne openlike kritiek lewer, maar dit gebeur so in terme van 'n nie-toepaslike liberalistiese paradigma dat dit die strukturele dimensies van die probleem nooit aanspreek nie.

Belangrike dele van die sakesektor is, ten spyte van die krisis waarin hierdie land verkeer, blykbaar nie bereid (of in die jongste verlede al hoe minder bereid) om die burokratiese staat en die regering se beleidsrigtings openlik en gesamentlik oor Apartheid en internasionale isolasie uit te daag nie. Hulle is eerder geneig om óf lojaal te bly óf slegs hulle misnoë agter geslote deure te kenne te gee. Met hierdie optrede skeep diegene wat oor ekonomiese mag, bedingingsvermoë en rykdom beskik die indruk dat hulle meer belang heg aan die handhawing van hulle eie korttermyn selektiewe belange en nie bereid is om hulle werklik te verbind tot die pynlike maar noodsaaklike weg van ingrypende strukturele hervorming op sowel die ekonomiese as die politieke terrein nie. Dit beteken dat nie net die blanke kieserskorps nie, maar ook die blanke sakesektor so verwen geraak het aan die tipiese "Eerstewêreld-mag en -bevoorregting" dat hulle nie ter wille van die langtermyn stabiliteit, groei en legitimititeit van Suid-Afrika hulle tot politieke en ekonomiese strukturele hervorming (en die opofferings wat dit sal verg) kan verbind, ten spyte van die besef dat die Swart gemeenskap op 'n regverdiger wyse "geakkommodeer" moet word nie.

Dit is ook moontlik dat belangrike dele van die sakesektor vanweë die voortslepende stagnasie en die groeiende isolasie so afhanklik geraak het van die burokratiese staat dat hulle eenvoudig nie sonder die "voorregte" wat noue samewerking meebring, winsgewend kan opereer nie. Hierdie afhanklikheid van die sakesektor kan ook 'n funksie wees van die buitengewone magte wat die burokratiese staat reeds in sy hande saamgetrek het en nie skroom om te gebruik nie. Indien die sakesektor reeds (om watter rede ookal) sò afhanklik van die owerheid geword het, dat hulle nie openlik kan standpunt inneem teen die owerheid se onvermoë om Apartheid af te takel nie, dan is Suid-Afrika reeds in 'n groter mate "vasgevang" in die drukgang van stagnasie, isolasie, konflik

'n burokratiese reglementering en bevoorregting as wat
 allerweë besef word. Dan neem die "korporatiewe staat in 'n
 ekonomie van beleg" reeds 'n baie hegte vorm aan. Indien dit
 wel die geval is, dan moet die kanse dat Suid-Afrika hom aan
 die huidige ekonomiese en politieke krisis en die
 "drukgangsituasie" sal kan ontworstel, as gering geag word.
 Dan moet ons tot die gevolgrekking kom dat die "wanbalanse"
 en die "disekwilbrium" onderliggend aan die Suid-Afrikaanse
 ekonomie 'n werklik blywende en langtermyn karakter het en
 in die volgende dekade of twee die onder- en wanprestasies
 van die ekonomie verder gaan vererger. Dan moet
 professionele ekonome maar liever hulle teorieë oor
 ekonomiese groei en ontwikkeling ter syde stel en begin om
 teorieë oor sekulêre stagnasie in 'n "ekonomie van beleg" te
 formuleer. 'n Beter kennis omtrent die "dinamika" van só 'n
 ekonomie is waarskynlik reeds baie ter sake.

Die afsonderlike en gesamentlike onvermoë van diegene wat
 oor die politieke en ekonomiese mag beskik om 'n
 konstruktiewe rol in die noodsaaklike hervormingsproses te
 speel, kan moontlik ook toegeskryf word aan 'n
 gemeenskaplike gebrek aan 'n duidelike besef of konsepsie
 omtrent die ware aard en implikasies en van die wenslikheid
 van (strukturele) hervorming. Dit wil voorkom asof nóg
 diegene wat oor politiek mag nóg diegene wat oor ekonomiese
 mag en rykdom beskik, 'n duidelike kollektiewe bewussyn het
 dat toepaslike hervorming in die finale instansie met
magsverskuiwings, magsoordragte en 'n herverdeling van
 inkome en geleenthede te make het. Enige poging om op so 'n
 manier te "hervorm" dat "magte" in die hande van ander
 geïnstitutionaliseer word, sonder dat enigiemand van sy
 bestaande mag en/of rykdom hoef prys te gee, kan nie as ware
 en/of toepaslike hervorming beskou word nie - veral nie om
 van Apartheid en die "gestruktureerde" vorme van armoede en
 rykdom ontslae te raak nie.

Voordat toepaslike hervorming kan plaasvind, sal diegene wat oor "Eerstewêreld-mag en -bevoorregting" beskik, tot die kollektiewe bewussyn en gewete gebring moet word dat hulle "groepsregte" en "groepsvoorregte" nie onaangetas gehandhaaf kan bly nie. Dit is moontlik dat die ergste struikelblok in die weg van 'n toepaslike herstrukturering van die Suid-Afrikaanse ekonomiese en politieke stelsel geleë is in skewe en verwronge persepsies omtrent die ware aard van strukturele hervorming en van Suid-Afrika se posisie in die internasionale ekonomie. Vir hoe lank en hoe ver sal Suid-Afrikaners - en veral diegene wat oor ekonomiese en politieke mag en bevoorregting beskik - in die "drukgang" van stagnasie, isolasie, konflik en afhanklikheid gedwing moet word, voordat die nodige kollektiewe bewussyn en die kollektiewe gewete omtrent die onvermydelikheid en die ware karakter van strukturele hervorming by hulle sal inslag vind? Wanneer gaan diegene wat oor mag en rykdom beskik, besef dat die langtermyn oplossing van die strukturele probleme waarin hierdie land vasgevang sit, nie in afsonderlike en gesamentlike magskonsolidasies en in die gesamentlike verskansing van selektiewe belange geleë is nie, maar in toepaslike strukturele hervorming en in die herstel van internasionale ekonomiese verhoudings? Ek laat die vrae onbeantwoord.